# VOETSLAANKLUB
STELLENBOSCH

---

# GRONDWET

## 1. DIE NAAM VAN DIE KLUB

Die amptelike naam van die klub is VOETSLAANKLUB-STELLENBOSCH en die domicilium citandi et executandi vir die aflewering van alle kennisgewings en ander doelwitte is die posadres van die sekretaris/sekretaresse. Die klub is op 7 Maart 1985 gestig.

## 2. WOORDOMSKRYWING

2.1 Waar in hierdie Grondwet verwys word na die manlike, word ook bedoel die vroulike en omgekeerd, en waar die enkelvoud gebruik word verwys dit ook na die meervoud en omgekeerd.

2.2 "Klub" beteken die Voetslaanklub-Stellenbosch.

2.3 "Lid" beteken 'n persoon wie as lid aanvaar is volgens normale prosedure en wie se ledegeld betaal is.

## 3. DOELSTELLING

Die klub stel hom ten doel om:

3.1 die geleentheid aan lede te bied om deur middel van staptogte die natuurskoon van ongerepte gebiede in Suid-Afrika te bewonder en te geniet;

3.2 geestelike ontspanning deur gesonde liggaamlike inspanning te verwesenlik;

3.3 liefde vir die natuur en buitelewe aan te kweek en te handhaaf;

3.4 hom te beywer om voetslaanpaaie aan die breë publiek bekend te stel.

## 4. SAMESTELLING VAN DIE BESTUUR

4.1 Die Bestuur word jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies.
4.2 Die Bestuur wys op sy eerste vergadering die persone vir die onderskeie poste in die bestuur aan.
4.3 Die Bestuur bestaan uit 8 (agt) lede nl Voorsitter, Onder-voorsitter, Sekretaris, Tesourier, en 4 addisionele lede. Tussentydse vakatures kan gevul word deur koöpsie.
4.4 Vier (4) lede sal 'n kworum vorm op bestuursvergaderings.
4.5 Tydens 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem.

## 5. PLIGTE VAN DIE BESTUUR

5.1 Organiseer alle uitstappies, toere en kampe.
5.2 Wys vir elke amptelike uitstappie 'n leier aan.
5.3 Beheer die finansies van die Klub volgens aanvaarde boekhoudingspraktyke.
5.4 Behartig aankope en oefen beheer uit oor toerusting en bates.
5.5 Handhaaf en bevorder die belange van die Klub.
5.6 Keur alle fondsinsamelings goed.
5.7 Beslis, by beslegting van geskille, oor die interpretasie van die Grondwet.
5.8 Hou notules van alle Bestuursvergaderings en Algemene Vergaderings.

## 6. BEHEER VAN FONDSE

6.1 Uitgawes moet deur die Bestuur goedgekeur en genotuleer word.
6.2 'n Rekening sal by 'n bank na goeddunke van die Bestuur geopen word in die naam van die Klub.
6.3 Tekenmagte word aan die Voorsitter, Sekretaris en Tesourier verleen.
6.4 Vir onttrekkingdoeleindes word handtekeninge van twee (2) bestuurslede, soos aangewys in 6.3, vereis.
6.5 'n Finansiële verslag en balansstaat moet by die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.
6.6 Die boekjaar sal strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember om saam te val met lidmaatskap.

## 7. AANSPREEKLIKHEID

7.1 Die Klub, of bestuurslede persoonlik, is nie verantwoordelik vir enige verliese wat lede of besoekers van die Klub mag ondervind voortspruitend uit optrede wat te goeder trou plaasgevind het nie.

7.2 Die Klub erken geen aanspreeklikheid teenoor lede of besoekers nie ten opsigte van:

- 7.2.1. verliese of beskadiging van eiendom;
- 7.2.2. beserings of dood;
- 7.2.3. eise van enige aard.

## 8. LIDMAATSKAP

8.1 Lidmaatskap word by ‘n bestuursvergadering deur die Bestuur goedgekeur of afgekeur volgens prosedures wat die Bestuur van tyd tot tyd bepaal. Lidmaatskap moet jaarliks hernu word.

8.2 Voornemende lede moet ‘n minimum van drie (3) uitstappies meemaak voordat aansoek om lidmaatskap gedoen kan word.

8.3 Besoekers sal deel in die regte en voorregte van die Klub vir ‘n maksimum van vyf (5) uitstappies per jaar.

8.4 Alle besoekers word as tydelike lede beskou vir die duur van die uitstappie en moet hulle onderwerp aan die Grondwet van die Klub.

8.5 Kinders onder sestien (16) jaar kan nie lede word nie en moet tydens uitstappies vergesel word van ‘n ouer of verantwoordelike volwassene, synde ‘n lid, maar word nie beperk tot vyf (5) uitstappies per jaar nie. Sodanige volwassene aanvaar alle risiko vir die besering, dood of verlies aan eiendom van sulke kinders onder sy of haar toesig.

8.6 ‘n Heffing tydens uitstappies soos die Bestuur bepaal, is deur lede en besoeker betaalbaar aan die Klub.

8.7 Ledegelde, soos deur die Bestuur bepaal, is betaalbaar voor of op die laaste dag van Februarie.

8.8 Lede wat nà Augustus aansluit sal die helfte van die ledegeld betaal.

8.9 Lede het die reg en voorreg om deel te neem aan alle uitstappies, kampe en toere deur die Klub gereël. Waar die getalle beperk is, sal die Bestuur besluit oor deelname.

## 9. GEDRAGSKODE

9.1 Lede is verplig om tydens uitstappies, toere of kampe die gesag van die aangewese leier te erken en te gehoorsaam.
9.2 Lede mag geen plant, dier of eiendom beskadig in die gebiede wat betree word tydens klub-uitstappies nie.
9.3 Lede moet hulle tydens klub-uitstappies onderwerp aan die reëls wat geldig is vir die betrokke gebied wat betree word.
9.4 Lede is aanspreeklik vir fooie indien hulle uitstappies kanselleer.

## 10. TUGMAATREËLS

Lede wat hulle skuldig maak aan oortredings van die grondwet en die gedragskode sal onderworpe wees aan tugmaatreëls soos bepaal deur die Bestuur.

## 11. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap word beëindig in die volgende gevalle:
11.1 Indien ledegeld nie stiptelik betaal word soos bepaal in artikel 8.7 nie.
11.2 Indien lede na die oortreding van die grondwet en gedragskode nie reageer op die tugmaatreëls of enige waarskuwing nie.
11.3 By beëindiging van lidmaatskap is geen gelde aan die betrokke lid terugbetaal-baar nie.

## 12. TOEKENNINGS

**12.1 Erelidmaatskap**

12.1.1 Die Klub mag na goeddunke op 'n Algemene Jaarvergadering 'n erelid (lede) benoem.
12.1.2 'n Erelid is vrygestel van ledegeld.'n Erelid is aanspreeklik vir enige normale uitgawe teenoor die klub tydens uitstappies.
12.1.3 Kriteria vir erelede: Die persoon moes vir minstens 10 jaar 'n aktiewe lid gewees het en 'n leidende rol in die klub gespeel het.

**12.2 Getroue Diens**

12.2.1 Die klub mag na goeddunke op 'n Algememe Jaarvergadering 'n lid (lede) benoem vir getroue diens.

12.2.2 Getroue lede is vrygestel van ledegeld, maar is steeds aanspreeklik vir hul geldelike bydrae tot funksies.

12.2.3 Kriteria vir getroue lede: Die persoon moes vir ten minste 10 jaar 'n aktiewe lid gewees het. Die persoon kan of wil nie meer stap nie, maar wil steeds betrokke wees by klubaktiwiteite.

## 13. ALGEMENE JAARVERGADERING

13.1 'n Algemene Jaarvergadering sal jaarliks gedurende Maart gehou word.

13.2 Kennisgewing aan lede moet skriftelik geskied, minstens veertien (14) dae voor die vergadering.

13.3 Die volgende punte sal op die vergadering behandel word:

13.3.1 Vorige Notule

13.3.2 Finansiële state en verslag.

13.3.3 Inventaris van toerusting.

13.3.4 Voorsittersrede.

13.3.5 Verkiesing van nuwe bestuur.

13.3.6 Algemeen.

13.3.7 Twintig (20) persent van die totale ledetal sal 'n kworum vorm.

## 14. BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS

14.1 Buitengewone Algemene Vergaderings kan belê word deur die Bestuur of op skriftelike versoek van ten minste twintig (20) persent van die lede.

14.2 Twintig (20) persent van die totale ledetal sal 'n kworum vorm.

14.3 Kennisgewing van doel, datum plek en tyd moet ten minste veertien (14) dae voor die tyd skriftelik geskied.

14.4 'n Besluit van twee-derdes van die aanwesige lede sal bindend wees.

## 15. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

15.1 Wysigings aan die Grondwet kan slegs op Algemene Jaarvergaderings of op Buitengewone Algemene Vergaderings geskied.

15.1 Voorstelle tot wysiging van die Grondwet moet ten minste veertien (14) dae voor die tyd skriftelik aan alle lede geskied.

15.2 Indien enige lid weens 'n bona fide versuim of oorsig nie kennis ontvang nie, sal die prosedure en vergadering nie as gevolg daarvan ongeldig wees nie.

15.3 'n Besluit van twee-derdes van die aanwesige lede sal bindend wees.

## 16 ONTBINDING VAN DIE KLUB

Indien die Klub op enige stadium sou ontbind, sal op die Algemene Jaarvergadering of op 'n Buitengewone Algemene Vergadering besluit word hoe met die bates van die klub gehandel moet word.

Opgedateer Maart 2025